

## Sing vooraf staande: Skrifberying 19-3:1, 2 (25:1, 2)

- 1 Genade en vrede sy oor ons / van God wat in die hemel woon,  
wat is, wat was en kom, en van / die sewe Geeste voor sy troon;
- 2 van Jesus Christus, onse Heer, / in sy getuig'nis altyd trou;  
die Eersgeboorne uit die dood, / wat dood en doods mag nie kon hou,

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofsang: Skrifberyming 7-2:1, 2

- 1-
  - 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!  
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.  
Buite bly die bose staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!
  - 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.  
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”  
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

## Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

### *Vergifnis:*

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

## Skrifberyming 12-2:1

- 1 Ek geloof in God die Vader / wat almagtig, wys en trou,  
Skepper is van alle dinge / en dit nog in wese hou.  
Ek geloof in Jesus Christus, / wat ons in aanbidding eer:  
Eengeboorne van die Vader, / in sy hoogheid onse Heer.

Skriflesing: Johannes 5

Teks: Johannes 5:23; Kategismus Sondag 11

**. . . sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.**  
(Johannes 5:23 AFR1953)

Die Here Jesus Christus en God die Vader is een en dieselfde Wese. Hulle het presies dieselfde heerlijkheid. Dink aan wat ons bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 8:

### ***God is een wese en onderskeie in drie persone***

*Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat Hulle nie met mekaar deel nie.*

*Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.*

*Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.*

*Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan. Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse ondeske dat hierdie drie Persoon slegs een enige God is. Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid af in een en dieselfde wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.*

Daarom openbaar die Here dat as iemand Jesus, die Seun, nie eer nie, hy ook nie God die Vader eer nie.

- As ons die konsekwensies van hierdie uitspraak baie reguit en helder kan stel, is dit dat elkeen wat Jesus nie eer nie, hel toe gaan.
- Slegs mense wat God aanbid, kan hemel toe gaan, en wie Jesus nie aanbid en eer nie, aanbid en eer God nie.
- So reguit is die Bybel se uitspraak.

Ons geloof gee die deurslag of ons Jesus as God ken of nie.

- Ons maak nou weer reg om Nagmaal te vier. Aan die Nagmaal sit ons juis as gelowiges rondom die tafel van die Here Jesus Christus, waar Hy weereens sy Godheid en almag aan ons verseker.
- Ons as gelowiges geniet dit juis in ons geloof om die ewige liefde van ons God en Verlosser Jesus Christus vir ons te ervaar.

Ons gaan kyk na die verband tussen ons geloof en Jesus Christus:

- 1. Ons ken ons Saligmaker deur die geloof.**
- 2. Ons ken die ware saligheid deur die geloof.**

### **1. Ons ken die Saligmaker deur die geloof.**

Of jy Jesus ken of nie ken nie, lê in jou geloof.

- Mens moet oor hierdie dinge maar eerlik wees, want die Here openbaar dat Hy dit aan mense gee om te glo of nie te glo nie.
- Die eindresultaat daarvan is bloot dat daar mense is wat Jesus as God sal ken en bely, en ander wat dit weer nie sal doen nie.

Kom ons luister eers weer saam uit die Nederlandse Geloofsbelydenis wat ons glo van die Godheid van die Here Jesus Christus (Artikel 10).

*Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore; Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die Persoon van die Vader, ewig saam met Hom, die heerlikheid (Heb 1:3) en in alles aan Hom gelyk (Fil 2:6). Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons natuur aangeneem het nie; so leer die volgende getuïenisse ons as hulle met mekaar vergelyk word. Moses sê dat God die wêreld geskep het en die heilige Johannes sê dat alle dinge ontstaan het deur die Woord, wat hy God noem (Gen 1:1 en Joh 1:3). Die apostel sê dat God die wêreld deur sy Seun gemaak het en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskep het (Heb 1:2 en Kol 1:16). So moet Hy wat God, die Woord, die Seun en Jesus Christus genoem word, dus reeds bestaan het toe alles deur Hom geskep is. En daarom sê die profeet Miga: "Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die*

*ewigheid" (Miga 5:1) en sê die apostel: "Hy is sonder begin van dae of lewenseinde" (Heb 7:3). Hy is dus ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien.*

Hoe ken ons, as gelowiges, Jesus?

- Ons ken die Seun as ons God en ware Saligmaker.
- Die klem val nie net op Saligmaker nie, maar ook op "ware" Saligmaker. Met ander woorde daar is net **een** Saligmaker.

In die Ou Testament al het die Here die Verlosser vir ons as ons ware en enigste Saligmaker belowe.

- Jesaja 9:1 is byvoorbeeld een van die plekke waar daar belowe word dat daar 'n Kind gebore sal word wat gemartel sal word, sodat 'n groot lig oor 'n volk kan skyn wat in die donker rondloop.

**(9:1) Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn.**

(Jesaja 9:2 AFR1953)

- Dan word daar presies gesê wie en wat hierdie Kind is.

**(9:5) Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers— (9:6) tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskaars sal dit doen.** (Jesaja 9:6-7 AFR1953)

Let op dat die Seun van Jesaja 9:6 presies net soos in Johannes 5:23 gelykgestel word met God die Vader.

- Hulle is een Wese, want die Kind wat gebore word, is terselfdertyd sterke God en ewige Vader.
- Daarom sê die Here ook in Jesaja 43:11 dat Hy die Here is, en dat daar geen Redder buiten Hom is nie.

U moet oplet hoe die Here in die Ou Testament voorspel het dat Jesus uit 'n maagd gebore sal word en dat dit in die Nuwe Testament presies so vervul word. Daar staan in Jesaja 7:14 die volgende woorde:

**Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.** (Jesaja 7:14 AFR1953)

**Immánuel** beteken: **God met ons.**

Wanneer Matteus begin om sy evangelie te skryf, sluit hy by presies hierdie woorde van die profeet aan.

- Hy sê die feit dat Maria swanger geraak het, is die vervulling van hierdie profesie (Matteus 1:23).
- Dis ook nie Matteus wat dit self uitgedink het nie. Die Here het aan Josef verskyn en dit aan hom vertel (Matteus 1:20, 21).

Nou sal u besef dat hierdie hele saak 'n geloofsaak is: Bely jy Jesus as die Seun van God of nie?

- Net die gelowige sal glo dat die geboorte van Jesus die vervulling van 'n profesie was wat werklik van die Here af uitgegaan het.
- En dat Jesus die **ware** Saligmaker is.

Deur die geloof ken ons Jesus ook as die **enigste** Saligmaker. 1 Petrus 1:19, 20 leer dat Jesus alleen daarvoor verordineer is om ons Verlosser te wees.

**maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, (1 Petrus 1:19-20 AFR1953)**

Daar is geen ander Verlosser as Jesus nie, en daar is hoegenaamd geen verlossing moontlik behalwe die verlossing wat deur Jesus Christus bewerk is nie.

Deur die geloof ken ons Jesus ook as die **algenoegsame** Saligmaker.

- Toe die Here na Eva toe gegaan het daar in die Paradys, kort na die sondeval, het Hy haar belowe dat iemand uit haar saad gebore sal word wat die slang se kop sal vermorsel.
- Die belofte het gesê dat Jesus dit eiehandig sal doen – daar is nie sprake daarvan dat Hy dit met enige hulp van buite sou doen nie.

So het dit dan ook gebeur dat:

- Jesus na sy doop manalleen deur die duivel gekonfronteer was met drie versoekings.
- Alleen en sonder hulp het Jesus die duivel verslaan en weggejaag.
- Later, tydens die Here Jesus se openbare bediening, het die duiwels telkens bely dat Jesus die almag het om hulle in die hel te werp.

Glo u al hierdie dinge, want slegs die mense wat die dinge glo, kan en sal Jesus bely as die Seun van die lewende God, wat terselfdertyd eenswesens is met die lewende God.

## **2. Ons ken die ware saligheid deur die geloof.**

Slegs iemand wat werklik glo dat Jesus God is, weet wat volkome saligheid is. So 'n mens weet wat beteken die woord *verlossing*.

Kom ons kyk wat beleef die ware gelowige ten opsigte van sy sondes.

- Net 'n geloofsmens besef die geweldige las van sy skulde voor God.
- Net so 'n mens sal uit eie ervaring weet dat geen mens uit homself kan opstaan uit sy verlorenheid nie.

Dis net die ware gelowige wat bekommerd is daaroor dat hy die ware gemeenskap met God mis.

- Dis ook net hy wat weet dat hy nie die beeld van sy Skepper vertoon soos wat hy dit behoort te vertoon nie.
- Alleen deur die geloof sal jy dan ook weet dat slegs die Verlosser jou weer in gemeenskap met God kan herstel.

Daar staan in 1 Korintiërs 1:30 dat ons alleen in Jesus Christus volkome salig word.

- Hy versoen ons met God en Hy maak dat ons weer die guns van die Here ontvang.
- Dit is daarom dat die gelowige deur sy geloof die vergesig het van die koms van God se koninkryk.
- Wanneer die koninkryk van God kom, neem die Here Jesus ons na Hom in sy hemelse koninkryk.
- Dan woon ons in ewige volmaaktheid op die nuwe aarde by die Here tot in ewigheid.

Die ware gelowige besef dat hierdie saligheid onverdiend aan hom geskenk word.

- Hy besef ook dat hy alles kry omdat Jesus dit vir hom verwerf het, want die Seun het hom van sy skuld verlos deur sy lyde.

- Daar staan in 1 Petrus 3:18 dat Jesus as Regverdige gely het vir die sondes van die onregverdiges.

**Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring – Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; (1 Petrus 3:18 AFR1953)**

Die natuurlike mens of die valse gelowige glo dit nie.

- Hy glo dat hy sy geluk verdien deur arbeid, opoffering en stryd.
- Daarom ken hy ook nie die innerlike vrede en vreugde van die Heilige Gees wat hierdie saligheid aan die gelowige bevestig nie.
- Die ongelowige ervaar ook nie die werking van die Heilige Gees wat ons in die bevryding van Jesus Christus laat deel nie.

Dit is natuurlik so dat enige een wat Jesus as God verloën – op watter wyse ook al – daarmee bevestig dat hy lidmaat is van die ewige dood.

- Buiten die Seun om is daar vir ons geen ewige lewe nie.
- Die Here Jesus sê self dat niemand tot die Vader kom behalwe deur Hom nie.

Die almal wat die Seun as God en Verlosser ken en dien, roem Hom met die mond en met hulle hele lewe.

Hulle is dié wat die Here Jesus Christus met die gawe van onderskeiding as God eer wat aan hulle die ewige lewe gee.

Kom ons lees Kategismus Sondag 11 saam.

**Vraag 29: Waarom word die Seun van God genoem: Jesus, wat Verlosser beteken?**

**Antwoord:** Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (a) en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie (b).

(a) Matt 1:21; Heb 7:25. (b) Hand 4:12; Joh 15:4, 5; 1 Tim 2:5; Jes 43:11; 1 Joh 5:11.

**Vraag 30: Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?**

**Antwoord:** Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem (a). Slegs een van twee dinge is immers moontlik: of Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, of die wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is (b).

(a) 1 Kor 1:13, 30, 31; Gal 5:4..(b) Heb 12:2; Jes 9:6; Kol 1:19, 20; 2:10; 1 Joh 1:7.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 134:4 (sing “ons” pleks van “hul”).

- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!  
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**